FILE LÊER No. 10/3/2/1-3958

# DEPARTMENT OF JUSTICE
# DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

SUBJECT / ONDERWERP: SELLO

JOHANNA FREDERICA

south african history archive
SAHA

DISPOSAL / BESKIKKING

CORRESPONDENCE FROM / KORRESPONDENSIE VAN ______ TO / TOT ______

FILE / LÊER No. 10/3/2/1-3958 PART / DEEL EEN

G.P.-S.43552—1975-76—10 000 (P)

DECLASSIFIED

J 300

lêer/file no. 10/3/2/1-3958 (V2)

# DEPARTEMENT VAN JUSTISIE/DEPARTMENT OF JUSTICE

KAAPSTAD

DIE SEKRETARIS / THE SECRETARY / MINISTER

G E H E I M

KLAGTE VAN AANRANDING : JOHANNA F SELLO

1. Sello is gedurende die tydperk vanaf 8 November 1976 tot 26 November 1976 ingevolge artikel 6 van die Wet op Terrorisme, 1967 (Wet 83 van 1967) in die Jabulani Polisieselle vir ondervraging aangehou. (8.11.76; 26.11.76)

2. Op 9 November 1976 het Sello haar onder andere soos volg teenoor die besoekende Landdros uitgelaat:

"I was hit on 22nd October 1976 at Protea."

(10.11.76)

3. Die aangeleentheid is na Kompol verwys vir ondersoek en sy verslag word nog ingewag. 'n Verdere voorlegging sal gemaak word sodra Kompol se verslag ontvang is.

SEKRETARIS VAN JUSTISIE

BA 10-2-77 [signature] 17/2/77

[signature] 11-2-77

Kennis geneem

KB V/1

Laat maar daar oorb.

[signature] 25/2/77

M I N I S T E R

DECLASSIFIED

south african history archive SAHA

**DECLASSIFIED**

10/3/2/1-3945/394[illegible]/
3949/3953/3958 (V[illegible])

18-1-77

**<u>G E H E I M</u>**

AANDAG LUIT GEYSER

Die Kommissaris van die
Suid-Afrikaanse Polisie
Privaatsak X302
PRETORIA
0001

BEWEERDE AANRANDING TYDENS AANHOUDING KRAGTENS ARTIKEL
6 VAN WET 83 VAN 1967

Met verwysing na my eendersgenommerde diensbrief gedateer 23 November 1976 word graag verneem of omstandighede nie nou 'n antwoord ten opsigte van die ondergenoemde aangehoudenes toelaat nie:

(a) [redacted]
(b) [redacted]
(c) [redacted]
(d) JOHANNA F SELLO
(e) [redacted]

south african history archive
SAHA

J B Bodenstein
w/ SEKRETARIS VAN JUSTISIE

**DECLASSIFIED**

58

**LASGEWING TOT VRYLATING KRAGTENS ARTIKEL 6(I) VAN DIE WET OP TERRORISME: WET NR. 83/1967.**

---

Ek, GERHARDUS LOURENS PRINSLOO

Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, gelas hiermee dat

JOHANNA FREDERICA SELLO

wat kragtens artikel 6(I) van Wet 83 van 1967 aangehou word,

op 26-11-1976 uit die aanhouding vrygelaat word.

south african history archive
SAHA

GEGEE ONDER MY HAND TE PRETORIA OP HEDE DIE

26ste DAG VAN NOVEMBER 1976

G. L. PRINSLOO

KOMMISSARIS: SUID-AFRIKAANSE POLISIE. Genl.

G.L. PRINSLOO

14/3/7/1 3/50

DECLASSIFIED

DEPARTMENT OF JUSTICE
29-11-1976
PRETORIA

Verw. No. 11/5/2

KANTOOR VAN DIE LANDDROS VAN

LANDDROS
26-11-1976
ROODEPOORT, TVL.
MAGISTRATE

GEHEIM.

Die Sekretaris van Justisie
Veritasgebou
Privaatsak X 81
PRETORIA
0001.

VERSLAG AANGAANDE PERSOON AANGEHOU INGEVOLGE ARTIKEL 6 VAN DIE WET OP TERRORISME, 1967 (WET NO. 83 VAN 1967).

1. Ek wens u mee te deel dat Landdros [redacted] op 25-11-76 na die Jabulani polisieselle/~~Gevangenis~~ gegaan het om aangehoudene Johanna F. Sello te besoek. 'n Onderhoud is met hom gevoer/~~Hy was nie beskikbaar vir 'n onderhoud nie~~.

2. Die aangehoudene ~~het geen klagtes geopper nie~~/die volgende klagte(s) geopper: "The soft porridge is cold and does not have sugar. The black coffee is too strong and too sweet"

3. Die klagte(s) is onder die aandag van die bevelvoerder van die plek van aanhouding gebring.

4. Die onderhoud met die aangehoudene is ~~met behulp van 'n amptelike tolk~~, ........................,/sonder 'n tolk gevoer.

5. Addisionele opmerkings:

[signature]
Landdros

GEHEIM

Die Kommissaris van die
Suid-Afrikaanse Polisie,
Privaatsak X 302
PRETORIA
0001.

Afskrif vir u inligting.

........................
Landdros

DECLASSIFIED

south african history archive SAHA

DECLASSIFIED

1543

Telegramadres: "JUSTISIE"
Telegraphic address: "JUSTICE"

Alle briewe geadresseer te word aan
SEKRETARIS VAN JUSTISIE

All communications to be addressed to
SECRETARY FOR JUSTICE

Telefoon / Telephone 48-2931 X

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE–DEPARTMENT OF JUSTICE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA – REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERITASGEBOU
VERITAS BUILDING
PRIVAATSAK X81
PRIVATE BAG X81
PRETORIA
0001

JUSTITIA EX VERITATE

*By beantwoording haal aan*
*In reply please quote*
No. 10/3/2/1-3945/3946/3949/3953/3958 (V1)

G E H E I M

Die Kommissaris van die
Suid-Afrikaanse Polisie
Privaatsak X302
PRETORIA
0001

BEWEERDE AANRANDING TYDENS AANHOUDING KRAGTENS ARTIKEL 6 VAN WET 83 VAN 1967

Afskrifte van verslae gedateer 10 November 1976 wat van die Landdros, Johannesburg ten opsigte van die ondergenoemde aangehoudenes ontvang is, is aangeheg vir u kommentaar asseblief:

(a) [redacted]
(b) [redacted]
(c) [redacted]
(d) [redacted]
(e) JOHANNA F SELLO

N. SEKRETARIS VAN JUSTISIE

south african history archive SAHA

DECLASSIFIED

DECLASSIFIED

11/5/2/3/9 - V.12

LANDDROSKANTOOR
PRIVAATSAK 1
JOHANNESBURG 2000
10 November 1976.......

G E H E I M

DIE SEKRETARIS VAN JUSTISIE
PRIVAATSAK X81, PRETORIA 0001

DIE KOMMISSARIS, S.A. POLISIE
PRIVAATSAK 302, PRETORIA 0001

DIE AFDELINGSBEVELVOERDER, VEILIGHEIDSPOLISIE
PRIVAATSAK 29, JOHANNESBURG 2000

VERSLAG AANGAANDE PERSOON AANGEHOU INGEVOLGE ART.6(1) VAN DIE WET OP TERRORISME, 1967 (WET 83 VAN 1967)

1. Ek wens u mee te deel dat landdros .[redacted]............. op ..9 November 1976.... na die ..Jabulani............. polisieselle/ ~~XXXXXXXXXX~~ gegaan het om aangehoudene .JOHANNA F. SELLO........... te besoek. 'n Onderhoud is met hom/haar gevoer.

2. Die Landdros het soos volg verslag gedoen:-

SIEN AANHANGSEL.

south african history archive
SAHA

~~XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX~~
~~XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX.~~

4. Die onderhoud met die aangehoudene is ~~XXXXXXXXXXXXXXX~~ ~~XXXXXXXXXXXXXXX~~ ......................., / sonder 'n tolk gevoer.

LANDDROS

DECLASSIFIED

3958

DECLASSIFIED
PRETORIA
DEPARTMENT OF JUSTICE

G.P.-S.

SAP 148 (f)

SUID-AFRIKAANSE POLISIE

SOUTH AFRICAN POLICE

P/sak - P/Bag 302 Tel. adr. "KOMPOL"

| | |
|---|---|
| Verw./Ref.: | [redacted] |
| Navrae/Enq | [redacted] |
| TEL.: | 29281 x 223 |

VEILIGHEIDSTAK,
SECURITY BRANCH,

HOOFKANTOOR,
HEAD OFFICE.

PRETORIA.

3 Maart 1977

GEHEIM

Die Sekretaris van Justisie
Privaatsak X81
PRETORIA

VERSLAG AANGAANDE PERSONE WAT INGEVOLGE ART. 6(1) VAN DIE WET OP TERRORISME (WET NR 83 VAN 1967) AANGEHOU WORD.

1. JOHANNA E. SELLO; [redacted] verlang geen vervolging in die beweerde aanranding-sake nie.

2. Hulle meld in hulle verklarings dat hulle nooit aangerand was nie en verlang ook nie vervolging nie.

south african history archive
SAHA

[redacted]

n/KOMMISSARIS: S.A. POLISIE

[redacted]

DECLASSIFIED

3958

"I am well. I was ill. I was vomiting. That was caused by the food. The porridge is not well cooked. The soup - it seems as if the powder is poured into cold water. It seems as if the porridge and the soup is not cooked through. The soft porridge once smelt badly. Occasionally it has no sugar in it.

The times between meals is too long. I get hungry. We have breakfast at 6 am or 5.30 am. Lunch at 12 or later. Supper at 5.30 pm or later.

We do not eat the food because it is not well cooked and we suffer from hunger.

We are not ill-treated at Jabulani.

Doors are banged loudly. It disturbs me. We have only clothes we have on. We wash our underwear daily - while it is drying we have no underwear.

Sometimes we suffer from a headache and do not have tablets.

I was hit on 22nd October 1976 at Protea. I have no other marks to show."

south african history archive
SAHA

3958

# PLEK EN VOORWAARDES VAN AANHOUDING KRAGTENS ARTIKEL 6 VAN DIE WET OP TERRORISME, 1967 (WET 83 1967).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 6 van die Wet op Terrorisme, 1967 (Wet nr. 83 van 1967), bepaal ek, Gerhardus Lourens PRINSLOO Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie die plek en voorwaardes in die Bylae hiervan uiteengesit

as die plek en voorwaardes waar Johanna Frederica SELLO

wat op 8-11-1976 gearresteer is en 'n persoon is wat in hierdie bedoelde artikel (hieronder die aangehoudene genoem) vir ondervraging aangehou moet word.

## BYLAE.

1. Die aangehoudene moet in 'n gevangenis, soos in artikel 1 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet nr. 8 van 1959) omskryf, te wete die Gevangenis te

JABULANI

(hieronder die plek van aanhouding genoem), aangehou word.

2. Niemand, behalwe 'n beampte in diens van die Staat wat by die verrigting van sy ampspligte optree, het tot die aangehoudene toegang nie behalwe met toestemming van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of die Hoof van die Veiligheidspolisie.

3. Behoudens die bepalings van artikel 6(6) en (7) Wet op Terrorisme, 1967, mag die aangehoudene met niemand buite die plek van aanhouding in verbinding tree nie tensy vooraf magtiging van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of die Hoof van die Veiligheidspolisie ontvang is.

4. Geen dagblaaie (nuusblaaie), Sondagkoerante, of ander leesstof van watter aard ookal word aan die aangehoudene voorsien nie, behalwe met die voorafgaande vergunning van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of die Hoof van die Veiligheidspolisie.

5. Behalwe met die toestemming van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of die Hoof van die Veiligheidspolisie ontvang die aangehoudene geen voedsel of ander eet- of drinkware wat deur familie, vriende van die aangehoudene of deur enige ander persoon, liggaam of organisasie aan hom gestuur word nie.

6. 'n Redelike hoeveelheid privaatklere kan by die plek van aanhouding ten behoewe van die aangehoudene ontvang, gehou en ter beskikking van hom gestel word.

7. Privaatklere moet by die plek van aanhouding gewas en skoongemaak word.

8. Die aangehoudene moet, indien nodig, van 'n geneeskundige beampte, aangewys kragtens artikel 6 van die Wet op Gevangenisse, 1959, of 'n distriksgeneesheer mediese behandeling ontvang. Enige mediese of tandheelkundige voorskrifte deur so 'n geneeskundige beampte of distriksgeneesheer voorgeskryf, moet onverwyld uitvoering aan gegee word.

9. Behoudens die voormelde voorwaardes en die bepalings van artikel 6 van die Wet op Terrorisme, 1967, (Wet nr. 83 van 1967), is die bepalings van die Wet op Gevangenisse, 1959, en die regulasies kragtens artikel 94 daarvan uitgevaardig, die Gevangenisorders en amptelike opdragte van die Kommissaris van Gevangenisse vir sover dit van toepassing is op onveroordeelde gevangene wat hul verhoor weens 'n beweerde misdryf afwag, **mutatis mutandis** op die aangehoudene van toepassing.

10. Gegee onder my hand te PRETORIA op hede die 8ste dag van November 1976

Generaal
Kommissaris: Suid-Afrikaanse Polisie.
G.L. PRINSLOO

south african history archive SAHA

G.P.-S. SAP 148 (f)

SUID-AFRIKAANSE POLISIE SOUTH AFRICAN POLICE

P/sak - P/Bag 302 Tel. adr. "KOMPOL"

| | |
|---|---|
| Verw./Ref.: | [redacted] |
| Navrae/Enq.: | [redacted] |
| TEL.: | 29281 x 223 |

VEILIGHEIDSTAK,
SECURITY BRANCH,

HOOFKANTOOR,
HEAD OFFICE,

PRETORIA. 0001

9-11-1976

A. Die Sekretaris van Justisie
Privaatsak X81
PRETORIA

B. Die Hooflanddros
Landdroskantoor
JOHANNESBURG

AANHOUDING KRAGTENS ARTIKEL 6(1) VAN DIE WET OP TERRORISME : WET NR. 83 VAN 1967

A.1. Die ondervermelde persone word kragtens die bepalings van Artikel 6(1) van Wet 83/1967 op die plekke aangehou wat agter hulle name verskyn:

south african history archive
SAHA

[redacted]

[illegible](45) Johanna Frederica SELLO do.

[redacted] do.

2. Aangeheg vind u afskrifte van hulle aanhoudingslasgewings tesame met 'n afskrif van die gemotiveerde aansoek wat aan die Kommissaris, Suid-Afrikaanse Polisie gestuur is.

- - - - - - - - - - -

B.1. Ter inligting.

2. Geliewe my te voorsien met u besoekverslae soos neergelê in Justisie omsendbrief [redacted] gedateer [redacted].

south african history archive
SAHA

[redacted]

[redacted]

n/ KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE
[redacted]

/JvL